

# HOSEA 2:4-15 TEEN DIE AGTERGROND VAN ISRAELITIESE REGSGEBRUIKE

APB Breytenbach<sup>1</sup>

## Summary

Hosea 2:4-15 against the background of Israelite legal practice

The article deals with the problem of the composition of Hosea 2:4-15. It is argued that the passage was stylised as a complaint lodged by the prophet against his ex-wife. She is brought before the judges on a charge of adultery. Hosea 2:4-10 is translated in the pluperfect since it refers to the prophet's expectations in the past and the attempts made by him to save his marriage (2:4b-7, 8-9a, as well as his wife's reaction to these efforts (2:7b-c, 10). In 2:11 the expected sentence is presented to the court, while 2:12-15 represents the sentence imposed. In the final sentence (2:12-15), which is a concentric composition, it becomes clear that the prophet's charges against his ex-wife actually represent Yahweh's charges against Israel. The article finally compares Hosea 2:4-15 with Isaiah 5:1-7 and 2 Samuel 12:1-12 and argues that the same literary device is employed by a prophet in all three instances.

## 1. INLEIDING

Hosea 2:4-15<sup>2</sup> lewer verskillende probleme op vir die eksegesi. Daar is by kommentatore byvoorbeeld uiteenlopende standpunte oor die afgrensing van eenhede in Hosea 2:1-25. Wolff (1961:27-69) verdeel Hosea 2 in drie eenhede naamlik 2:1-3, 4-17 en 18-25, waarvan 2:4-17 volgens hom 'n *kerygmatische Eenheid* is. Rudolph (1966:55-83) beskou weer 2:1-3, 4-15 en 16-25 as eenhede. Weider (1993:65) vermeld nog ses ander standpunte wat outeurs daarop nahou oor die groepering en indeling van verse in Hosea 2. Oor die ontstaansgeskiedenis van Hosea 2 as deel van die oorleeringskompleks Hosea 1-3 is daar ewe-eens geen eenstemmigheid nie. Jeremias is byvoorbeeld oortuig daarvan dat Hosea 2:4-17 van die profeet self afkomstig is, alhoewel hy toegee dat die huidige rangskikking van kleiner eenhede 'n gekompliseerde ontstaansgeskiedenis het (1983:39).

- 1 Prof. A.P.B. Breytenbach, Fakulteit Teologie Afd A, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0001.
- 2 Die versindeling van Biblia Hebraica Stuttgartensia word gebruik.

Die belangrikste eksegetiese probleem, wat saamhang met die groepering van kleiner eenhede, is egter die vraag hoe die skynbaar ongemeente herhaling van eenhede wat inhoudelik feitlik dieselfde is, verklaar moet word (vgl byvoorbeeld vs 10 met vs 11, vs 7 met vs 14). Wolff meen dat Hosea 2:4-17 verklaar moet word as *eine lose Sammlung von Einzelsprüchen, die allerdings gattungsmässig den gleichen Sitz im Leben und stofflich den gleichen Verhandlungsgegenstand haben* (1996:38). Wolff erken egter dat Hosea 2:4-9 wel 'n eenheid vorm:

Es ist nur unter Vorbehalt möglich, das Überlieferungsstück 4-9 in ursprünglich selbständige und inhaltlich geschlossene Sprüche zu zergliedern; auch Ausscheidung von Glossen vermag nicht zu helfen. 7 z.B. setzt einerseits 6 voraus und bereitet andererseits unentbehrlich 8 und 9 (Zitat) vor. 6 wiederum setzt die Unterscheidung von Mutter und Söhnen in 4f. voraus, springt aber im Stil (von 2. zu 3. Person) und in der Sache (die Söhne werden bedroht).

Unlösliche Verwobenheit ist also zugleich mit stilistischen und gedanklichen Sprüngen festzustellen. Dieser Befund ist nur teilweise als Ergebnis literarischer Komposition von Spruchfragmenten zu erklären; er spiegelt zum Andern das echte, stürmische, gedanklich sprunghafte Ringen des Propheten selbst, der in immer neuen Anläufen den Willen seines Gottes bezeugt, der sein treulos Volk nicht fahren lassen kann (1961:38 vn 1).

Andersen & Freedman stel: *In trying to find our way through the intricate patterns of this discourse, we must note that although the movement of thought is not linear, it is not haphazard* (1980:218). Kommentatore soos Sellin (1929:33-38), Weiser (1979:20-31) Ward (1966:21-46), Rudolph (1966:69) en Van Leeuwen (1968:52) gaan selfs so ver om van die kleiner eenhede te herringskik.

Die hipotese van hierdie artikel is dat Hosea 2:4-15 gestileer is as 'n regsgeeding waarin die profeet se ontroue vrou aangekla en gevonniss word, en dat, indien die perikoop só gelees word, dit 'n koherente, sorgvuldig gekonstrueerde eenheid vorm.

## 2. HOSEA 2:4-15 AS 'n REGSGEDING

### 2.1 Algemene opmerkings

Wolff het reeds ingesien dat Hosea 2:4 vv teen die agtergrond van Israelitiese regsgebruike verstaan moet word. Hy het dit egter, soos reeds aangedui, as 'n versameling losstaande spreuke beskou: "Sie gehören alle in einem Rechtsverfahren wegen ehelicher Untreue" (1961:37). Volgens Wolff moet die huidige vorm van die spreukversameling 2:4 vv verstaan word as 'n "Schlichtungsverfahren," dit wil sê 'n beslegtingsproses of skikkingsvoorstelle, waardeur gepoog word om die gebroke huwelik te red (vgl ook Weider 1993:81 vv). Wolff se verstaan van die perikoop word veral bepaal deur sy interpretasie van לכן in vers 8, 11 en 16. Wolff gee toe dat vers 16 en 17 waarskynlik nie retories by die voorafgaande verse hoort nie, maar dat, vanweë die gebruik van לכן in vers 8, 11 en 16 'n "strukturelle Verknüpfung" van vers 16 en 17 met die voorafgaande eenheid noodsaaklik is (1961:49). Die saamlees van vers 16 en 17 (wat 'n toekoms van herstel en heil voorsien) en die oordeelsworde in vers 12-15 bring noodwendig mee dat Wolff Hosea 2:4-17 as 'n "Schlichtungsverfahren" verstaan. Jeremias volg Wolff se uitleg in breë trekke, alhoewel hy aanvoel dat לכן in vers 8, 11 en 16 nie heeltemal op dieselfde vlak lê nie (1983:38v). Alhoewel Rudolph Hosea 2:4-15 as 'n perikoop hanteer, is ook hy oortuig daarvan dat die profeet (of JHWH) sy vrou (dws Israel) slegs dreig en dat die strafmaatreëls waaroor gepraat word bedoel is om straf te voorkom (1966:64,66). Rudolph verskuif dan vers 8 na 'n posisie ná vers 15 (1966:69).

Teenoor Wolff, Jeremias en talle ander kommentatore kan gestel word dat Hosea 2:4-15 'n perikoop vorm. Die imperatiewe in vers 4 sluit formeel aan by die imperatief van vers 3, maar tematies begin daar 'n nuwe eenheid by vers 4. Die geykte formule נאם יהוה in vers 15 sluit die eenheid af (vgl 11:11). Die afgeronde struktuur van vers 12-15 bevestig die afsluiting van die perikoop by vers 15 (vgl hieronder). לכן in vers 16 kan moeilik as redegewende verbindingswoord aansluit by vers 15. Dit het deiktiese betekenis en lei 'n nuwe eenheid in (vgl byvoorbeeld Rig 8:7, 1 Sam 28:2, 1 Kon 22:19).

Die eerste aanduiding dat dit in Hosea 2:4-15 gaan oor 'n regsGEDING is die gebruik van die term ריב (vs 4). Met die voorsetsel ך het dit in die

Ou Testament deurgaans die betekenis 'aankla' en wel in die sin van aankla voor die regters (Boecker 1970:54 vn 2, teen Jeremias 1983:40). 'n Volgende aanduiding dat Hosea 2:4-15 as 'n regsgeeding gestileer is, is die gebruik van כִּי aan die begin van die aanklag (vs 4). כִּי lei as oorspronklik deiktiese partikel dikwels 'n aanklag in (Boecker 1970:32,42,186. Vgl ook Gen 31:31, 1 Sam 29:8). Die gebruik van וְעַתָּה in vers 12 is 'n verdere aanduiding dat die perikoop vanuit die perspektief van 'n regsgeeding verstaan moet word. וְעַתָּה word byvoorbeeld in Jesaja 5:5 gebruik om die 'vonnis' in te lei na 'n voorafgaande aanklag voor die regters (Jes 5:1-4). Dieselfde gebruik van וְעַתָּה kom ook voor in 2 Samuel 12:10 waar Dawid gevonnissen word na die voorafgaande aanklag (2 Sam 12:7-9).

Wolff se standpunt dat Hosea 2:4-17 'n poging is om die saak tussen die profeet (JHWH) en sy ontroue vrou (Israel) te besleg, dat dit dus 'n "Schlichtungsverfahren" is, kan om twee redes bevrageet word. In die eerste plek is dit kenmerkend van 'n poging tot skikking dat die twee strydende partye mekaar direk aanspreek en dat imperatiewe gebruiklik is in die voorstelle vir 'n skikking (Boecker 1970:34-41, 117-121). Die standpunt van Boecker (1970:12) dat וְעַתָּה in vers 4 "ein imperativisches Moment" is, en dat die "ultimative Vermahnung" (soos Wolff dit noem) die funksie het van 'n voorstel tot skikking, is onoortuigend. Daarby word daar, op een geringe uitsondering na (vs 8), konstant na die ontroue vrou verwys in die derde persoon. Dié styl is tipies vir die aanklag voor regters, maar atypies vir 'n poging tot skikking.

In die tweede plek kan teenoor die standpunt van Wolff gestel word dat die oordeelswoorde in Hosea 2:12-15 nie voorwaardelik is in dié sin dat die ontroue vrou deur die verandering van haar lewe die oordeel kan afweer nie. Die inhoudelike verband tussen die aanklagte in vers 4-10 en die oordele in vers 12-15, sowel as die finaliteit van die oordeel in vers 12-15 (vgl byvoorbeeld die herhaling van lk in vs 13 tesame met die noem van die jaarlikse, maandelikse en weeklikse kultiese vierings) sluit die moontlikheid dat ons hier met 'n "Schlichtungsverfahren" te doen het, uit.

## 2.2 Hosea 2:4-15 as aanklag en vonnis

Vir die verstaan van Hosea 2:4-10 is dit wesenlik belangrik om daarop te let dat die eenheid saamgestel is uit spreuke waarin die veronregte man

sekere verwagtinge koester van sy vrou of dreig om bepaalde stappe teen haar te neem (4d-6, 8-9). Daarnaas is daar spreuke waarin die reaksie van die ontroue vrou op die verwagtinge of stappe wat die veronregte man neem, beskryf word (7,10).

'n Verdere belangrike saak is dat die reaksie van die vrou in vers 10 in die perfektum beskryf word (לֹא יָדְעָה vgl ook כִּי אָמְרָה in vs 7). Indien die reaksie van die vrou op die handeling van die man in die perfektum beskryf word, beteken dit dat die handeling van die man, alhoewel dit in die imperfektum beskryf word, as 'n voltooide verlede tyd vertaal moet word (vgl Kautzsch 1980:314 vir die gebruik van die imperfektum om handeling in die verlede mee te beskryf; vgl veral Kautzsch 1980:328 par 4). Só verstaan kan die kleiner eenhede in Hosea 2:4-15 soos volg gegroepeer word (vgl die hieropvolgende vertaling vir die verdeling in versreëls):

- vers 4a tot c is 'n inleiding tot die aanklag;
- vers 4d tot 7a sê wat die man in die verlede van sy vrou verwag het (4d en e) en watter maatreëls hy sou tref as sy nie aan die verwagtinge sou voldoen nie (5a-7a);
- vers 7b tot d beskryf die vrou se negatiewe reaksie;
- vers 8 en 9 beskryf verdere stappe wat die man geneem het (8a-9c) en wat hy gehoop het om daarmee te bereik (9d-9f);
- vers 10 beskryf weer die vrou se negatiewe reaksie;
- vers 11 is dan die voorstel wat die man aan die regters maak oor die vonnis wat sy ontroue hardkoppige vrou opgelê moet word (vgl Boecker 1970:72 vir die gebruik dat 'n klaer voorstelle vir 'n vonnis kon maak);
- vers 12 tot 15 is die finale vonnis wat oor die vrou uitgespreek word.

### 2.3 Vertaling

Hosea 2:4-15 kan in die lig daarvan dat die aanklaer sy saak aan die regters stel, maar dat hy hom ook in uitsonderlike gevalle kan rig tot die

aangeklaagde of ander persone (Boecker 1970:71), soos volg vry vertaal word:

	Aanklag	
Tot die kinders	4a	Kla julle ma aan, kla haar aan!
Tot die regters	4b	Waarlik, sy is nie my vrou nie
	4c	en ek is nie haar man nie!
	4d	Sy moes haar hoerversiersels van haar gesig afhaal
	4e	en haar owerspeltekens wat tussen haar borste hang.
	5a	Anders sou ek haar kaal uittrek
	5b	en haar blootstel soos die dag toe sy gebore is;
	5c	ek sou haar soos die woestyn maak,
	5d	haar soos 'n barre landstreek laat wees
	5e	en haar van die dors laat sterf.
	6a	Haar kinders sou ek nie jammer kry nie
	6b	want hulle is 'n spul hoerkinders;
	7a	hulle ma het deur hoerery, deur skande hulle verwag!
	7b	Maar sy het besluit:
	7c	Ek gaan na my minnaars toe,
	7d	dié wat sorg vir my kos en my klere en my mooimaakgoed!
8a	Daarom (het ek gedink):	
Tot die vrou	8b	as <sup>3</sup> ek jou pad toemaak met doringtakke,

3 הנה לוי in vs 8b die protasis van 'n voorwaardesin in. Vgl Jos 2:18; 1 Sam 9:7; 2 Sam 8:11; Hos 9:6; Eseg 18:14-17 vir 'n soortgelyke gebruik van הנה . Die apodosis volg in

- Tot die regters
- 8c en as ek 'n muur om haar bou  
sodat sy nie kon gaan waar sy wou nie,
- 9a sy haar minnaars agternaaloo
- 9b maar hulle nie kry nie,
- 9c hulle soek maar hulle nie vind nie,
- 9d dán sou sy sê:
- 9e Ek gaan weer terug na my eerste man toe,
- 9f want tóé was ek beter versorg as nou.
- 10a Maar hierdie vrou wou nie erken
- 10b dat ék die een is wat gesorg het vir haar  
koring en wyn en olie
- 10c en wat vir haar baie geld gegee het nie
- 10d (en die goud het hulle vir Baäl gebruik.)
- Voorstel tot vonnis
- 11a Daarom:
- 11b Ek gaan die koring en wyn wat sy by my  
gekry het in die oestyd, terugvat;
- 11c en ek gaan die klere wat sy by my gekry het  
om haar skaamte te bedek, afruk!
- Vonnis
- 12a Dus:
- 12b Ek sal haar kaal uittrek ten aanskoue van  
haar minnaars
- 12c en niemand sal haar uit my mag kan red nie.
- 13a Ek sal 'n einde maak aan al haar feesvreugde

- 13b haar jaar-, maand- en weekfeeste, ja elke feesgeleentheid.
- 14a Ek sal haar wingerde en vyelanings verwoes waarvan sy gesê het:
- 14b 'Hierdie is my beloning wat my minnaars vir my gegee het.'
- 14c Ek sal dit 'n ruigte maak sodat die wilde diere dit sal afwei.
- 15a Ek sal haar laat boet vir die feesdae van die baäls vir wie sy geoffer het,
- 15b toe sy haar uitgevat het met haar neusringe en hangertjies en haar minnaars agternageloop het.
- 15c Maar My het sy vergeet!
- 15d Die uitspraak van JHWH.

## 2.4 Aantekeninge

Vanweë die omvang van hierdie artikel kan 'n volledige bespreking van elke onderdeel van die perikoop nie gedoen word nie. Daar is egter enkele aspekte wat nadere toeligting verdien.

### 2.4.1 Die rol van die kinders in Hosea 4:4a en 6a-7a

Die meeste kommentatore aanvaar dat die kinders wat opgeroep word om hulle ma aan te kla (vs 4a) en die buite-egtelike kinders van die aangeklaagde vrou (vs 6a-7a) dieselfde is. Daar is dan verskillende verklaarings moontlik vir die oneffenheid dat die kinders in een geval opgeroep word om hulle ma aan te kla, en in die volgende geval veroordeel word saam met hulle ma. Die oneffenheid kan verklaar word as 'n gevolg van die samevoeging van oorspronklik onafhanklike spreuke (so byvoorbeeld Wolff 1961:41). Dit kan ook verklaar word as 'n poging van die profeet om minstens 'n deel van die bevolking tot besinning te bring. Rudolph sê byvoorbeeld (1966:66): "Er ruft Israel selbst gegen Israel zu Hilfe: Es muß doch noch treue und zuverlässige Elemente im Volke geben, die sich auf seine Seite stellen und den Abtrünnigen ins Gewissen reden."



"Rudolph (1966:67) veronderstel dan dat daar nié 'n positiewe reaksie was op die oproep nie, en daarom staan die kinders vanaf vers 6 veroordeel saam met hulle ma. (Vgl byvoorbeeld Anderson & Freedman 1980:223, 227-229 vir nog 'n ander verklaring).

Die vraag hoe die oneffenheid met betrekking tot die kinders in vers 4a en 6a-7a verklaar word, hang saam met die vraag na die 'identiteit' van die veronregte man en die vrou in Hosea 2:4-15. Indien die eksegeet daarvan uitgaan dat dit primêr gaan oor JHWH en Israel, is dit, naas die verklarings wat Wolff, Rudolph en andere bied, ook moontlik om die ma met haar buite-egtelike kinders as die staat Israel met sy amptenary te sien, terwyl die kinders wat opgeroep word om teen die ma standpunt in te neem, die gewone burgers is. Só 'n verklaring sou aansluit by die klaarblykbare skeiding tussen die gewone Israeliete (בני ישראל) en die staat met sy amptenary en kultus in Hosea 3:1-5. Dieselfde gedagte word ook minstens gesuggereer in Hosea 2:1-3 waar die Israeliete (בני ישראל) opgeroep word om, verenig met die Judeërs onder een hoof, die dag van Jisreël tegemoet te tree. Op grond van Jesaja 9:3 (כיום מריון) en Psalm 137:7 (יום ירושלם) moet יום זרנאל verstaan word as die 'dag van (die nederlaag van) Jisreël.' Soos in Hosea 1:4 beteken dit dus dat die koning van Israel en sy leër 'n nederlaag sal ly in die vlakte van Jisreël. Daarteenoor gaan die בני ישראל 'n heilryke toekoms tegemoet (Hos 2:1). Só 'n verklaring maak die oorgang tussen Hosea 2:3 en 4, wat deur die outeur(s) formeel aan mekaar verbind is deur die imperatiewe, volkome begryplik.

Indien die eksegeet egter daarvan uitgaan dat dit in Hosea 2:4-15 primêr gaan oor die profeet en sy vrou en dat hierdie verhouding dien as 'n spieëlbeeld vir 'n ander verhouding, naamlik dié tussen JHWH en Israel, dan moet die volgende verklaring oor die verskil tussen die kinders in vers 4a en 6a-7a oorweeg word: Volgens Hosea 1:2 het die profeet opdrag gekry om met 'n sedelose vrou (אשה זנויה) met buite-egtelike kinders (ילדי זנויה) te trou. Kommentatore bied verskillende verklarings vir die uitdrukking אשה זנויה. 'n Gewilde standpunt is dat dit prolepties verstaan moet word, met ander woorde, die vrou was eers later ontrou aan die profeet (so byvoorbeeld Anderson & Freedman 1980:162. Vgl ook Van Leeuwen 1968:30-34 vir 'n uiteensetting van verskillende standpunte). So 'n verklaring oortuig egter nie in die lig van die gegewens in

Hosea 1:2-9; 2:4-15 en gebruik in die Semitiese wêreld nie. Hoerery word in die Ou Testament op morele gronde negatief beoordeel (Spr 29:3; 31:3, ensovoorts) maar alleen die priesters is verbied om met prostitute te trou (Lev 21:7). Daaruit moet ons aflei dat die gewone Israëliet wêl met 'n prostituut in die huwelik kon tree sonder om skande oor homself te haal (Patai 1959:146). Die voorwaarde was natuurlik dat die vrou haar sedelose optrede moes staak. Dit is waarna Hosea 2:4d en 4e verwys (vgl vertaling hierbo). 'n Prostituut het soms onder die voogdyskap van haar vader gebly (vgl Lev 19:29; Deut 22:21v). Soms het prostitute saam gebly en hulle het vanselfsprekend ook buite-egtelike kinders gehad (1 Kon 3:16-27). Dieselfde gebruik het voorgekom by Arabiese volkere (Patai 1959:152). 'n Buite-egtelike kind van 'n beroepsprostituut het by die moeder gebly en is in die Arabiese wêreld walad zanu genoem (vgl לרדי זנונים).

Die mees voor die hand liggende betekenis vir Hosea 1:2-9 is dus dat die profeet in opdrag van JHWH getroud is met 'n prostituut wat reeds kinders gehad het. Die kinders wat daarna gebore is (naamlik Jisreël, Sonder-ontferming en Nie-my-volk nie) was nie buite-egtelike kinders nie. Hierdie eie kinders van Hosea word in Hosea 4:4 opgeroep om die profeet te steun in die aanklag teen sy gewese vrou. Die kinders waarna in vers 6a-7a verwys word is haar buite-egtelike kinders. Dat kinders wêl as aangeklaagdes of getuies kon optree in 'n hofsak kan benewens Hosea 2:4 ook afgelei word uit Deuteronomium 21:18-21 en Jesaja 50:1 (vgl ook Boecker 1970:75).

#### 2.4.2 Die gebroke huwelik en die straf vir hoerery

Die uitdrukking 'sy is nie my vrou nie en ek is nie haar man nie' (Hos 2:4b en c) word deur kommentatore verskillend verklaar. Die verklarings oor wat hierdie uitdrukking presies beteken, word vanselfsprekend beslis-send beïnvloed deur die eksegeet se verstaan van die res van die perikoop. Die vraag is naamlik of die woorde 'sy is nie my vrou nie en ek is nie haar man nie' 'n egskeidingsformule is of nie. Die wyse waarop Weider (1993:82-84) die saak benader is tiperend vir die meeste kommentatore. Hy sê naamlik:

Doch selbst wenn es sich hier um die Scheidungsformel aus der Zeit Hoseas handelt, ist es sehr merkwürdig, daß am Beginn von V.5 Entkleidung und Vertreibung der Mutter-Frau nur angedroht

worden. Beide Strafmaßnahmen sind, "wie ebenfalls aus den mesopotamischen Texten hervorgeht, gerade die Form des öffentlichen Vollzugs der Scheidung einer des Ehebruchs schuldig gewordenen Frau". Folglich kann daher mit N. Lohfink weiter gesagt: "Wenn die Scheidung also erst angedroht wird, kann sie nicht vorher schon effektiv ausgesprochen worden sein".

Hosea geht es demnach nicht um Ehescheidung, sondern "bloß" um Verhaltensmaßregelung einer Mutter-Frau, die sich nicht so verhält, wie es ihrem Ehestand zu entsprechen hätte. Aus diesem Grund ist es für den Ehegatten ebenfalls unmöglich, weiterhin ihr Mann zu sein, falls sie ihr Verhalten nicht ändert. Mit W. Rudolph kann deswegen festgehalten werden: "In Wirklichkeit besagt V.4aß, daß sich die Mutter durch ihr Verhalten faktisch außerhalb der Ehe gestellt hat, so daß sie, obwohl dem Namen nach noch Ehefrau, tatsächlich keine mehr ist und es deshalb auch ihrem Mann tatsächlich unmöglich macht, weiterhin ihr Mann zu sein" (1993:84).

As ons egter aanvaar dat Hosea 2:4-10 'n aanklag voor die regters is, soos trouens veronderstel word deur ריב ב (Boecker 1970:54 vn 2), dan sou 'n formule soos 'Waarlik, sy is nie my vrou nie en ek is nie haar man nie' sonder twyfel regsgeldig wees. Die huwelik is *de facto* vernietig deur die vrou se ontrou. Die formule wat voor de regters uitgespreek word, verklaar die huwelik ook *de iure* nietig. Dit is egter nie die wesenlike van die aanklag nie. Die saak waaroor dit eintlik gaan is dat die vrou 'n egbreekster was en daarvoor gestraf moet word.

Die straf vir egbrek deur 'n vrou was dat sy in die openbaar kaal uitgetrek en bespot is<sup>4</sup>. Daarby het die man haar versorging en die seksuele verhouding gestaak as teken dat die huwelik tot niet is en hy nie meer vir haar verantwoordelikheid aanvaar nie (vgl Eks 21:10). Dit is die sake wat in die aanvanklike dreigement van die man gestel word: Volgens Hosea 2:5a sal hy haar kaal uittrek. Vers 5b ('haar blootstel soos die dag toe sy gebore is') is 'n ander wyse om die ontbloting van die vrou se liggaam te

4 Vgl Eseg 16:36-39; 23:10; Jes 47:3; Weider 1993:87 vn 91; Kruger 1983:111 v; teenoor Rudolph 1966:66 wat ogv Gen 38:24; Lev 21:9; Eseg 16:40; Joh 8:5 en Deut 22:21, 22 en 24 die doodstraf deur verbranding of stening as die algemene straf vir egbrek beskou.

beskryf. In vers 5c-d word die handelwyse van die man met die vrou deur 'n vergelyking (sic) beskryf. Seksuele omgang word in die Semitiese literatuur dikwels vergelyk met die bewerking van grond (Van Selms 1954:24). As 'n man dus dreig dat hy sy vrou soos droë grond sou maak, beteken dit dat hy geen geslagsgemeenskap met haar sou hê nie. Die uitdrukking 'ek sou haar van die dors laat sterf' (vs 5e) beteken in die verband waarin dit staan dat die man haar alle lewensmiddele sou ontnem. Dit kan ook beteken dat hy haar die woestyn sou instuur (vgl Gen 21:14-17). Soos in die geval van Hagar sou daar by so 'n verstoting ook nie genade wees vir die kinders nie. (Hos 2:6; vgl ook 9:15 waar die beeld van verstoting  $\text{קִבִּיחִי אֶזְרָשָׁם לֹא אֶלְסָף אֶהְבֵּחֶם}$  in noue verband staan met dorheid en die dood van kinders.)

Die voorstel tot 'n vonnis (Hos 2:11) sowel as die vonnis-self (Hos 2:12-15) neem weer die motief van die onttrekking van lewensmiddele (vs 11b, 14a, 14c) sowel as die ontbloting van die vrou se liggaam op (vs 11c, 12b). So vorm dit saam met die motief van ontrouheid die sentrale tema van Hosea 2:4-15.

#### 2.4.3 Die vonnis in Hosea 2:12-15

Die vonnis oor die vrou vorm 'n sorgvuldig saamgestelde eenheid, en wel in dié sin dat daar 'n konsentriese rangskikking van 'inhoud na vore kom:

- Die verwysing na haar minnaars en die ontbloting van die vrou in vers 12 word gebalanseer deur die verwysing na die tooisels van die vrou en haar minnaars in vers 15b.
- Die beëindiging van die kultiese vierings waarvan vers 13a-b melding maak, klop met die oordeel oor die vrou wat die feesdae vir die Baälse gevier het, in vers 15a.
- Die verwoesting van die wingerde en boorde waaroor dit in vers 14a gaan, balanseer met die verwysing na 'n ruipte en die afwei deur wilde diere in vers 14c.

In die sentrum staan die vrou se verklaring dat sy die gawes van die land van haar minnaars ontvang het (vs 14b). Dit was ook telkens die hoofmotief in die vrou se reaksies op haar man se pogings in die verlede

om die huwelik te red (vgl 2:7b-d en 10a-c). Vers 15c val buite die konsentriese patroon en word op dié wyse beklemtoon. Inhoudelik is vers 15c ('Maar My het sy vergeet') die keerkant van die munt dat die vrou haar minnaars aangehang en alles van hulle ver wag het.

#### 2.4.4 Vrou en land (inwoners) in Hosea 2:4-15

Kommentatore is dit eens dat beeld (die huweliksverhouding) en saak (Israel se verhouding met JHWH) in Hosea 2:4-15 soms só ineenvloei dat dit die uitleg bemoeilik. Hierdie probleem wat beeld en saak oplewer kom byvoorbeeld na vore wanneer Jeremias in verband met vers 6 opmerk:

Die Söhne sind auch darum nicht mehr angeredet, weil V.4b-5 im Ineinander von Bild- und Sachebene längst die Identifikation von Mutter und Kindern (die Frau als Volk) bei gleichzeitiger Unterschiedenheit (die Frau als Land) vollzogen hat, in V.7 aber nun die Mutter ganz als das geschichtliche Israel, also identisch mit den Söhnen erscheint (1983:42).

Dit is egter opvallend dat Hosea 2:4-11 (dws die aanklag en voorstel tot die vonnis) volledig verstaan kan word as van toepassing op die gebroke verhouding tussen die profeet en sy gewese vrou. In die beeldende taal wat gebruik word, is daar vanselfsprekend gedeeltes wat suggereer dat dit oor 'n ánder saak, naamlik die land en sy inwoners gaan (vgl vs 5c-e, 8b-c), maar dit word alleen só verstaan vanuit die opmerking in Hosea 1:2, en die huidige plasing van 2:4 ná 2:3. Indien Hosea 2:4-11 buite die huidige verband van Hosea 1-3 sou staan, sou die leser waarskynlik geen vermoede hê dat dit oor iets anders as die aanklag van 'n man teen sy ontroue vrou gaan nie.

In Hosea 2:12-15 word dit egter duidelik dat die gebroke huweliksverhouding 'n metafoor is vir 'n ander gebroke verhouding naamlik dié tussen JHWH en Israel (vgl vs 13, 15a en 15d).

Dit beteken dat ons in Hosea 2:4-15 dieselfde literêre kunsgreep aantref as in 2 Samuel 12:1-12 en Jesaja 5:1-7: Daar word 'n saak aan 'n regter of regters voorgelê deur 'n profeet waaroor die regter(s) net één uitspraak kan lewer. Net om dan uit te vind dat hulle hulleself veroordeel het! Opvallend genoeg word die vonnis in al drie die gevalle, soos reeds vroeër aangedui, ingelei met  $\text{וַיִּשְׁפֹּט}$  (2 Sam 12:10; Jes 5:5; Hos 1:12). Wat

Boecker (1970:82 v) in sy bespreking van Jesaja 5:1-7 sê, is myns insiens net so van toepassing op Hosea 2:4-15:

Der eine Rechtspartner verweist damit (vs 4 AB) auf sein tadelloses Verhalten in der Vergangenheit. Er hat alles getan, was man von ihm erwarten konnte. Dadurch wird der andere ganz von selbst ins Unrecht gesetzt. Das Gerichtsforum wird durch die Fragen des Anklägers "vor den Zwang einer Antwort" gestellt. Zugleich wird auf diese Weise dem Gericht das Urteil in den Mund gelegt; denn die Antwort, die in der Frage schon angelegt ist, würde das Urteil sein, auch dann, wenn die Antwort aus Schweigen bestünde. Es ist aber auch denkbar, daß an dieser Stelle eine entsprechende Antwort der Angeredeten erfolgte, die bei der schriftlichen Fixierung des Prophetenwortes nicht mitaufgeschrieben wurde.

Die prophetische Rede Jes 5:1-7, die für die Zuhörer so voller Überraschungen ist und sie immer wieder vor ganz neue Perspektiven stellt, erfährt nach V.4 einen weiteren Bruch. Der Kläger wechselt seine Haltung und wird zum Richter, der die Straffestsetzung zu verkünden hat, nachdem vorher die Hörer als die bis dahin angeredeten Richter das Urteil ausgesprochen hatten. So erreicht der Prophet, daß durch die verschiedenen Abschnitte seiner Rede hindurch den Hörern das Geschehen immer stärker auf den Leib rückt, bis sie schließlich durch das "tua res agitur" in V.7 sich unausweichlich dem prophetischen Angriff ausgesetzt sehen.

### 3. HOSEA 2:4-15 AS DEEL VAN HOSEA 1-3

Daar word algemeen aanvaar dat Hosea 1-3 'n oorlewingseenheid vorm binne die groter geheel van die boek (vgl byvoorbeeld Andersen & Freedman 1980:57-66). Daar word ook algemeen aanvaar dat die profesieë redaksioneel bewerk is om uiteindelik die boek in sy huidige vorm te lewer. Oor die vraag hoe omvangryk hierdie redaksionele bewerking was, gaan die opinies wyd uiteen (vgl byvoorbeeld Breytenbach 1987:732-740).

In Hosea 1-3 kan die volgende eenhede afgegrens word: 1:1; 1:2-9; 2:1-3; 2:4-15; 2:16-25; 3:1-5. Van hierdie eenhede skep slegs Hosea 2:16-25 die indruk dat dit 'n los samevoeging van spreuke of kleiner eenhede is wat almal handel oor 'n heilryke toekoms.

In sy huidige vorm sluit Hosea 2:4-15 aan by die voorafgaande en daaropvolgende eenhede (vgl die imperatiewe in 2:3 en 4 en die verhouding tussen man en vrou in 2:4-15 sowel as 2:16-25). Dit is ook duidelik dat die huidige plasing van eenhede 'n bepaalde patroon meebring: Die oordeelsprofesieë in 1:2-9 word gevolg deur 'n heilspresie in 2:1-3. Die oordeelsprofesieë in 2:4-15 word gevolg deur heilspresieë in 2:16-25. In Hosea 3:1-5 word oordeel en heil byeengebring en wel op so 'n wyse dat heil verwag word deur die oordeel heen. Soos reeds kortliks aangedui word die oordeel van JHWH oor Israel in Hosea 1-3 veral gekonsentreer op die koning en die staat met sy instellings (vgl oa Hos 1:4,5; 3:4). Die verbinding tussen Hosea 2:3 en 4 bring dan mee dat die Israeliete opgeroep word om te verenig met die Judeërs (2:2 en 3) en standpunt in te neem teen hulle moeder (2:4) wat dan by implikasie die staat met sy Baäl-georiënteerde kultiese instellings is. In die toekoms sal JHWH met 'n nuwe Israel, 'n Israel wat (soos in die tyd voor die intog) geen koning of staatsinstellings het nie, 'n nuwe ongeskonde verbondsverhouding aanknoop en so die oordele van die huidige tyd omkeer (2:16-25).

#### 4. SAMEVATTING

Hosea 2:4-15 is gestileer as 'n aanklag en vonnis oor 'n ontroue vrou. Dit kan waarskynlik teruggevoer word na 'n optrede van die profeet Hosea waarin hy voor regters die huwelik met sy eie ontroue vrou nietig verklaar en haar aangekla het van egbreuk en hoerery. Die vonnis wat oor haar uitgespreek is, het dit egter duidelik gemaak dat hierdie mislukte huwelik 'n lewende metafoor is van die mislukte verbondsverhouding tussen JHWH en die ontroue Israel. Deur die redaksionele bewerking en inordening van Hosea 2:4-15 in sy huidige posisie is die perikoop opgeneem in die patroon onheil-heil, onheil-heil, onheil én heil (Hos 1-3), en is dit vanuit die voorafgaande eenhede duidelik dat dit in Hosea 2:4-15 gaan oor JHWH se verhouding met Israel.

#### 5. SLOTWOORD

Hierdie artikel word opgedra aan professor M H O Kloppers. Dit is 'n voorreg om op hierdie wyse aan 'n vriend en eertydse kollega hulde te bring aan die einde van sy amptelike akademiese loopbaan.

## Bibliografie

## ANDERSEN F I &amp; FREEDMAN D N

1980. *Hosea. A new translation with introduction and commentary*. New York: Doubleday.

## BOECKER H J

1970. *Redeformen des Rechtslebens im Alten Testament*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.

## BREYTENBACH A P B

1987. Die redaksionele geskiedenis van die boek Hosea. *Hervormde Teologiese Studies* 43/4, 732-740.

## JEREMIAS J

1983. *Der Prophet Hosea*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (ATD).

## KAUTZSCHE (ed)

1980. *Gesenius' Hebrew grammar*. Oxford: Clarendon.

## KRUGER P A

1983. Israel, the harlot (Hos 2:4-9). *Journal for North West Semitic Languages* vol 11, 107-116.

## PATAIR

1959. *Sex and family in the Bible and the Middle East*. New York: Doubleday.

## RUDOLPH W

1966. *Hosea*. Gütersloh: Gerd Mohn (KAT).

## SELLIN E

1929. *Das Zwölfprophetenbuch*. Leipzig: Werner Scholl (KAT).

## VAN LEEUWEN C

1968. *Hosea*. Nijkerk: G F Callenbach (POT).

## VAN SELMS A

1954. *Marriage and family life in Ugaritic literature*. London: Luzac.

## WARD J M

1966. *Hosea. A Theological commentary*. New York: Harper & Row.



WEIDER A

1993. *Ehemetaphorik in prophetischer Verkündigung*. Würzburg: Echter Verlag (FZB).

WEISER A

1979. *Das Buch der zwölf Kleinen Propheten*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (ATD).

WOLFF H W

1961. *Dodekapropheten 1 Hosea*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag (BK).